

HOOFSTUK 1

DIE HISTORIESE VERLOOP VAN GODSDIENSONDERRIG IN SUID- AFRIKA MET BESONDERE VERWYSING NA DIE HERKOMS VAN DIE DOGMA- EN GEWETENSKLOUSULE IN DIE KAAP EN TRANSVAAL

1.1 DIE KAAPSE ONDERWYSSTELSEL ONDER DIE V.O.C. AS VOORTSET- TING VAN DIE ONDERWYSSTELSELS WAT IN DIE NEDERLANDE GE- DURENDE DIE 17e EN 18e EEU GEHEERS HET

1.1.1 Inleiding

Die onderwysstelsel aan die Kaap tydens die bewind van die V.O.C. toon 'n noue verband met die ontwikkeling van die onderwys gedurende dieselfde tydperk in die Nederlandse Republiek of Moederland.

Om dus die ontwikkeling van die onderwys in Suid-Afrika, veral met betrekking tot die godsdiensonderrig, reg te verstaan, is dit nodig om kortliks vooraf die ontwikkeling van die onderwys gedurende dié tyd in Nederland na te gaan.

1.1.2 Godsdiensonderrig in die Nederlande gedurende die 17e en 18e eeu

Een van die eerste bepalings aangaande die godsdiensonderrig dateer uit die jaar 1574 toe die Sinode van Dordrecht bepaal het "*dat de schoolmeesters de belijdenis des (protestantse) geloofs moesten onderschrijven (en) den cathechismus leeren*"⁽¹⁾, en op 1 Maart 1587 is voorts deur die genoemde Sinode besluit dat slegs onderwysers wat dié betrokke "*cathechismus*" aan die leerlinge leer, as leerkragte toegelaat sou word.⁽²⁾ Dit was dan ook by hierdie eerste protestantse skole die gebruik dat skoolmeester en koster liefs dieselfde persoon sou wees.

(1) Scheepstra, H. & Walstra, W. Beknopte Geschiedenis van de Opvoeding en het Onderwijs vooral in Nederland, gezien door K. Dokter. Den Haag, 1918. p.39.

(2) Ibid., p.49.

Teen die einde van die 16e en aan die begin van die 17e eeu "*moesten de papistische onderwijzers worden vervangen door de protestantsche*". Wanneer 'n katolieke onderwyser bereid was om die nuwe geloof te aanvaar deur die reeds genoemde voorwaardes te onderskryf, is hy toegelaat om sy pos te behou.⁽³⁾

Om die regte onderwysers aangestel te kry, moes predikante voortdurend die skole inspekteer om te sorg dat die voorgeskrewe bepalings wel nagekom word.⁽⁴⁾

Aan die begin van die 17e eeu het daar 'n naartog gestrewe na beter onderwys ontstaan. Deur middel van "*schoolreglementen*" is die keuring en gehalte van onderwysers baie verbeter soos blyk uit die "*schoolorde in de Provincie van Stadt Groningen ende Ommelanden*" van 1654.⁽⁵⁾

So het die onderwys in Nederland sy protestants-christelike beslag gekry en is dit met erns en oortuiging voortgedra.

Onder die vertakkinge van die onderwys wat sedert die 16e en begin 17e eeu op die skole gegee is, het godsdiensoonderrig 'n belangrike plek ingeneem. Nog voor die bekende Sinode van Dordrecht van 1618/19 het die Sinode van Den Haag in 1586 bepaal dat die jeug in die skole nie alleen in lees en skrywe nie maar veral in die christelike religie grondige onderrig sou ontvang.⁽⁶⁾

Uit die boeke wat as leermiddele gebruik is, kan ons verder aflei dat die godsdiensoonderrig, soos tewens die hele onderwys in Nederland, suiwer konfessioneel gereformeerde was. So is in 1654 in 'n "*Schoolordening ten plattelande binnen-Utrecht*" onder andere die volgende godsdienstige leerboekies voorgeskryf, nl. die "*Kleijne en groote Cathechismus*", die

(3) Ibid.

(4) Ibid., p.51.

(5) Ibid., p.53-57.

(6) Du Toit, P.S. Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie, 1652-1795. Stellenbosch, 1937. p.3.

vraeboekie van Aldegonde, die "*Gecorrigeerde Tittelboeken*", die Sendbriewe en "*De Historien van David*".⁽⁷⁾

Ook die vereistes wat aan die onderwyser gestel is, het nie alleen 'n diep christelike inslag weerspieël nie, maar bewys voorts dat die hele onderwys in ooreenstemming was met 'n bepaalde belydenis. Almal wat van plan was om onderwys te gee, moes hulle onderwerp aan 'n toelatingseksamen, hoewel daar nie 'n vaste gebruik gevolg is nie. Tog is die onderwysers in die meeste gevalle deur die kerkrade ondersoek, terwyl hulle finale aanstelling by die staatsowerheid berus het.

Met die aanbreek van die 18e eeu tree daar egter verslapping ten opsigte van die godsdiensoonderrig in Nederland in. Die eise by die keuring van onderwysers is nie meer so streng deur die kerk gehandhaaf nie. Predikante het versuim om skoolbesoek te doen en onderwysers het die godsdiensoonderrig almeer verwaarloos. Die sing van psalms en gewyde gesange het by sommige skole in onbruik geraak. Die leer van die kategismus op skool is sodanig deur ouers teëgewerk dat die Sinode van Drent in 1730 dit nodig geag het om te bepaal dat ouers moes toesien dat hulle kinders wel in die kategismus onderwys word.⁽⁸⁾

Aan die begin van die 19e eeu het die naturalisme die Calvinisme so oorheers dat Calvinisme uit alle toonaangewende kringe geweerd is en slegs nou en dan van die kansel gehoor is. Net onder die armes, eenvoudiges, werkslui en kleinburgerstand of by mense met weinig of geen invloed is dit nog min of meer in ere gehou. Die toestand het hom ook tot die skool uitgebrei en 'n algemene verwaarloosing van die onderwys in Nederland veroorsaak.⁽⁹⁾

Teen die helfte van die 18e eeu het daar 'n algemene gevoel ontstaan vir 'n beter georganiseerde onderwysstelsel. Hiertoe het verskillende maatskappye 'n bydrae gelewer. Hierdie maatskappye is gestig met die spesifieke doel om die

(7) Versluys, J. Opvoeding en het Onderwijs vooral in Nederland. Amsterdam, 1891. p.111.

(8) Ibid.

(9) Langedijk, D. De Geschiedenis van het Protestants-Christelijk Onderwijs. Delft, 1953. p.28.

volksonderwys te verbeter. Prysvrae is uitgeskrywe waardeur die soeklig op verskillende sake van groot belang vir die onderwys geval het. Een van dié Maatskappye wat meer as net prysvrae uitgeskrywe het, was "*De Maatschappij tot Nut van 't Algemeen*" wat in 1784 deur Jan Nieuwenhuizen opgerig is. Op 1 Maart 1796 hou dié maatskappy 'n "*Nationale Vergadering*" waar 'n kommissie saamgestel is wat hom moes beywer vir "*Proeven van een ontwerp van nationaal onderwijs*".⁽¹⁰⁾ Hierdie maatskappye, en by name die laasgenoemde, het hulle ontstaan te danke gehad aan die gees van die supranaturalisme van die 18e-19e eeu, soos verder uit die volgende paragrawe sal blyk. Die antwoorde op die vraelys van die "*Tot-Nut*"-maatskappy word in 1796 uitgegee onder die tema: "*Algemene denkbeelden over het nationaal onderwijs*". Dit was hierdie "*denkbeelden*" wat die latere skoolwette tot grondslag sou dien.

Die skrywers wat aan hierdie prysvrae deelgeneem het, was aanhangers van die "*natuurlike godsdiens*" soos dit uit die penne van die Franse filosowe van daardie tyd gekom het. Hierdie "*natuurlike godsdiens*", die sogenaamde rasionalisme, het ook sy invloed in die onderwys laat geld. Ook daar is die mens as die middelpunt en die verstandelike ontwikkeling van die kind as doel by die onderwys gestel.⁽¹¹⁾

Die suiwer gereformeerde strewe in die onderwys het nou vertroebel geraak deur die instroming van hierdie "*verligte*" idees. Die Bybel sou voortaan nie meer die enigste norm by die opvoeding van die kind wees nie en die Calvinisme is langsaam hand vervang deur 'n sogenaamde "*Algemene Christelike geloof*".

Filantrope, wie se pedagogiese strewe deur rasionalistiese idees beheers was, het die onderwyswêreld binnegedring. Hierdie filantrope het die belydenisskrifte van kerke as oorbodig beskou; hulle Godsbegrip was uiters vaag. Wel het hulle God as Skepper en Onderhouer van die wêreld gesien, maar ook as niks meer nie.

(10) Scheepstra & Walstra, op. cit., p.69-70.

(11) Langedijk, op.cit., p.3.

Die "*Maatschappij tot Nut van't Algemeen*", was ook hierdie filantropiese idees toegedaan en sou ook sy belangrike invloed in die skoolwese laat geld. Verskillende denominasies is deur lede van hierdie "*Maatschappij*" verteenwoordig. "*Verdraagsaamheid*" was dan ook hulle wagwoord, maar dit was 'n verdraagsaamheid wat onverskilligheid teenoor die Heilige Skrif geopenbaar het. Dit is dan ook geen wonder nie dat dié Maatskappy hom beywer het vir die uitsluiting van die Kategismusleer uit die skoolrooster. (12)

Hierdie nuwe strewe in die onderwys het uiting gevind in die Onderwyswet van 1801. Daarin word die doel van die onderwys beskrywe as

"om in de harten (der kinderen) in te prenten de kennis en het gevoel van dat alles, wat zij aan het Opperwezen aan de maatschappij, aan hun ouderen, aan zich zelf, en aan hun medemensen verschuldigd zijn". (13)

Dit was bekende naklanke uit die prysvrae van die Tot Nut van't Algemeen wat veral weerspieël word in art. 4 van dié wet wat soos volg gelui het:

"In de "Schoolboeken en Leermethode zal, met de meeste zorg, moeten worden vermijdd al het geen zoude strekken tot ondermijning eener goede Zedekunde en van den eerbied voor het Opperwezen : doch tevens worden daargelaten al het leerstellige, dat door de onderscheiden Kerkgenootschappen, verschillend word begrepen". (14)

Dit is nou reeds duidelik dat die Calvinistiese doelstelling van die onderwys op hierdie stadium deur die gees van naturalisme verliberaliseer is. Omdat die mens as sedelike wese die middelpunt van die opvoedingsleer geword het, was die Bybel as geïnspireerde Woord nie meer genoegsaam nie. Uit die Bybel word nou verhale geneem en tot leerstof verwerk op 'n vir die leerling meer "*geskikte*" en vatbare wyse as wat deur die lees van die Bybel self kon geskied. (15)

(12) Langedijk, op.cit., p.4-5.

(13) Ibid., p.7.

(14) Versluys, J., op.cit., p.163.

(15) Langedijk, D., op.cit., p.15.

Die 1803-onderwyswet het, wat die godsdiensonderrig betref, die saak nie verander nie. In die volgende wet van 1806 het die woorde "*christelik*" en "*godsdiensstig*" nie voor-gekom nie, behalwe in art. 22 wat bepaal het dat, behalwe die ontwikkeling van die verstandelike vermoëns van die kinders deur gepaste en nuttige kundighede, hulle ook opgelei moes word "*tot alle Maatschappelijke en Christelike deugden*".

Die ware amp van die gelowige onderwyser het vervaag in die doel van maatskaplike deugde. Dit sou nie meer die taak van die onderwyser wees om leerstellige godsdiensonderrig te gee nie, aldus art. 23.⁽¹⁶⁾

Om saam te vat: Die protestants-christelike onderwys het sy beslag teen die einde van die 16e en begin 17e eeu in Nederland gevind. Die verslapping ten opsigte van godsdiensonderrig gedurende die 18e eeu word gedurende die 19e eeu vererger deur die gees van naturalisme wat die Calvinisme in so'n mate verdring het dat 'n algemene agteruitgang in die onderwys 'n hervorming genoodsaak het. Verskillende Maatskappye met filantropiese idees het 'n bydrae tot verbetering van die onderwys probeer lewer. Die rasionalistiese idees van dié filantropie in die onderwys het wel spoedig alle konfessionele godsdiensonderrig as oorbodig beskou. Die denominasionalistiese voorkoms van dié Maatskappye het "*verdraagsaamheid*" as wagwoord gehad. Die idees van die filantropiese denkers het hulle invloed laat geld by die Nederlandse Onderwyswette van 1801 en 1803 waarin alle maatskaplike deugde beklemtoon en alle leerstellige godsdiensonderrig uitgesluit is.

Dit is hierdie klimaatstoestand van verligte idees in die onderwys wat hom ook mettertyd aan die Kaap sou openbaar.

1.1.3 Godsdiensonderrig aan die Kaap gedurende die 17e en 18e eeu

Aanvanklik was die skoolstelsel wat met die volksplanting in 1652 na Suid-Afrika gekom het, dié van die

(16) Scheepstra & Walstra, op.cit., p.325.

gereformeerde staatskool. Soos in die Moederland was die gees en rigting van die onderwys aan die Kaap gereformeerd konfessioneel en bedoel vir 'n skool van enersdenkende geloofsgenote.⁽¹⁷⁾

Die onderwysers moes dus lidmate van die Gereformeerde Kerk wees en die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Kategismus onderteken, ooreenkomstig die besluit van die Sinode van Dordrecht van 1618-19.⁽¹⁸⁾

Die keuse van 'n onderwyser is dan ook hier, net soos in Nederland, vanuit 'n bepaalde belydenis gedoen. Die skoolonderrig het in die teken van die gereformeerde belydenis gestaan. Daar sou 'n drieledige katekisasie wees: in die huis deur die ouers, op skool deur die skoolmeesters en in die kerk deur die predikant, ouderlinge, voorlesers en krankebesoekers.⁽¹⁹⁾ Die onderwys moes dus christelik van aard en inhoud wees.

Gedurende die eerste jare van die volksplanting aan die Kaap was hier nie 'n skool in die eintlike sin van die woord nie. Na die sieketrooster Willem Barents Wijlant was die eerste onderwyser Ernestus Back. Die leerplan sou hoofsaaklik tot godsdiensonderrig beperk bly, terwyl die gewone onderrig net in so verre ingesluit was as wat die bekwaamheid om te kan lees daartoe nodig was.⁽²⁰⁾

Dit is duidelik dat die doel van onderwys op hierdie stadium net was om die kind voor te berei vir lidmaatskap van sy kerk - die Gereformeerde Kerk - om 'n volwaardige belydende christen te word en sodoende sy "*Godsaligheijt*" as ampsgelowige uit te lewe.

Hierdie konfessionele onderrig is ook onder die De Chavonneswet (21 Augustus 1714) voortgesit. Die skoolbeleid

-
- (17) Greyling, E. Godsdiensonderrig in die Skool. Bloemfontein, 1946. p.27-28. (Vgl. ook Venter, E.L.J. Die Verband tussen Kerk en Skool in Suid-Afrika. Amsterdam, 1929, p.2-3.
- (18) Douma, H. De Ontwikkeling van het Lager Onderwijs in Nederland. (Soos aangehaal deur Du Toit, P.S. Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie, 1652-1795. Kaapstad, 1937. p.3).
- (19) Venter, E.L.J. Die Verband tussen Kerk en Skool in Suid-Afrika. Amsterdam, 1929. p.4-5.
- (20) Du Toit, P.S. op.cit., p.19.

soos deur hierdie ordonnansie vasgelê, het voortgeduur tot die koms van Kommissaris-generaal J.A. de Mist. Weens die feit dat die voorwaardes van oorgawe van die Kaap aan die Engelse in 1795 o.a. bepaal het dat die koloniste hul bestaande regte van godsdiens en onderwys sou behou, het die besettingsjare (1795-1803) geen noemenswaardige verandering, veral ten opsigte van die onderwysbeleid, meegebring nie.⁽²¹⁾

1.2 GODSDIENSONDERRIG GEDURENDE DIE BATAAFSE TYDPERK (1803-1806) AS VOORTSETTING VAN DIE REWOLUSIONÊRE GEES IN EUROPA GEDURENDE DIE 18e EN 19e EEU

Die konfessioneel-gereformeerde onderwysbeleid aan die Kaap is stelselmatig gerysmier deur die verligte idees wat gedurende die 18e en 19e eeu in Europa ten opsigte van die onderwys ontstaan het. Die nuwe onderwysregulasies wat gedurende die Bataafse Tydperk (1803-1806) aan die Kaap ingevoer is, het blyke hiervan gegee. Die eerste hiervan was die *"Provisioneele Kerken-Orde voor de Bataafsche Volksplanting aan de Kaap de Goede Hoop"* van Kommissaris-generaal De Mist wat hy,

"doordrongen van de waarheid, dat geene beschaafde maatschappij zonder Godsdienst bestaan kan, en dat het de plicht van een Regering is op alle wijzen te zorgen, dat de Openbare Godsdienstoeffening met eerbiediging van het Hoogste Wezen en inbegrip van deugd en goede zeden, aangemoedigd en beschermd werd",

op 25 Julie 1804 uitgevaardig het.⁽²²⁾

Artikel 1 van hierdie Kerkorde bevat die eerste aanduiding dat die Gereformeerde Kerk nie meer die staatskerk sou wees nie. Alle kerkgenootskappe wat *"een Hoogst Wezen"* eerbiedig en hulle verder beywer vir goeie deugde en sedes sou voortaan gelyke beskerming onder die Kaapse wette geniet. Hiermee sou nie alleen die kerk aan die staat ondergeskik wees nie, maar sou die kerk ook sy invloed op die onderwys verloor.

(21) Venter, E.L.J. op.cit., p.6-7. (Vgl. ook Du Toit, op.cit., p.89).

(22) Venter, E.L.J. op.cit., p.12. (Vgl. ook Cilliers, D.H. Die Stryd van die Afrikaanssprekende in Kaapland om sy eie skool (1652-1939). Kaapstad, 1953. p.21).

Artikel 3 het gelui dat geen uitsluitende voorregte in die "*Burger-Maatschappij*" aan enige godsdienstige geloofsbelydenis verbonde sou wees nie. Die kerk sou geen direkte seggenskap meer oor die skool hê nie. Al die vorige regte wat op onderwysgebied aan die kerk verleen is, word hom nou ontnem en die skool is geheel aan die staat diensbaar gemaak deur art. 18 van die Kerkorde wat bepaal het dat die openbare skole nie aan 'n besondere kerkgenootskap sou behoort nie, maar in die eerste plek daar gestel word as "*kweekplaatsen om goede Burgers voor den Staat te vormen*", en as sodanig staan die skole onder direkte toesig van die regering.⁽²³⁾

Hiermee is kerk en skool nie alleen van mekaar geskei nie, maar is gereformeerde konfessionele onderwys ook vervang deur 'n godsdiens wat bo geloofsverdeeldheid gestel was. Godsdiensonderrig onder bewind van die V.O.C. het veral bestaan uit dogmatiese onderrig; die Heidelbergse Kategismus was die leerboek by uitnemendheid. De Mist het wel o.a. bepaal dat die eerste beginsels van 'n christelike godsdiens wat geleer sou word, die godsdiens sou wees wat ooreenkom met die oortuiging van die ouers. Maar wat het De Mist nou eintlik verstaan onder 'n christelike godsdiens? In sy Memorie sê hy self dat geen maatskappy sonder godsdiens kan bestaan nie. Maar daardeur bedoel hy die erkenning van 'n oneindige "*Opperwezen*" wat eerbiedig moet word vir tydelike en ewige geluk, en om verder alle voorskrifte en verpligtinge in hierdie lewe na te kom ten einde "*allerlei maatschappelijke deugden*" aan te leer.⁽²⁴⁾

Onder hierdie neutrale godsdiensonderrig kon enige soort godsdiensonderrig ressorteer. Dit is egter heel duidelik dat 'n uiters humanistiese beskouing ten opsigte van godsdiensonderrig daarop nagehou was, want die klem het die meeste geval op goeie burgerskap en "*maatschappelijke deugden*".

Tereg sê E. Greyling oor die invloed van De Mist:

-
- (23) Cilliers, D.H. Die Stryd van die Afrikaanssprekende in Kaapland om sy eie skool (1652-1939). Kaapstad, 1953. p.21.
- (24) Venter, E.L.J. op.cit., p.15.

"Want alhoewel die ou historiese skoolstelsel nog 'n tyd ná die oorgawe van die Kaap aan Engeland in 1806 sou voortleef, het die gees van De Mist in die negentiende eeu onder die nuwe bewindhebbers voortgewoeker en is die ou historiese fondament lang-samerhand omgestoot en verlê. In die plek van 'n Gereformeerde staat, 'n deur die staat erkende kerk en 'n Gereformeerde staatskool sou daar kom 'n neutrale staat 'n neutrale staatshouding teenoor alle kerkgenootskappe en 'n neutrale skool met 'n neutrale godsdiensonderwys". (25)

Waar die onderwys aan die Kaap gedurende die 17e eeu gekenmerk was deur sy sterk Calvinistiese grondslag en feitlik geheel onder die beheer van die kerk gestaan het en kategetiese onderrig die hoofinhoud daarvan was, moes dit onder De Mist plek maak vir 'n nasionale en gesentraliseerde sekulêre stelsel van godsdienstig-kleurlose staatsbeheerde skole, waarin alle regstreekse gesag van die kerk as sodanig uitgeskakel is, die Bybel 'n ondergeskikte plek ingeneem en die godsdiensonderwys nie meer die ganse skoolonderrig deurdring en besiel het nie. (26)

Waar die kerk dus ondergeskik aan die staat geword het en die skool dus onder staatsbeheer geplaas is, was die staat verplig om 'n beleid van verdraagsaamheid ook ten opsigte van die onderwys te volg. Dit spreek dus vanself dat 'n neutrale staatshouding teenoor alle kerkgenootskappe ook 'n neutrale skool met neutrale godsdiensonderwys tot gevolg sou hê. (27)

Godsdiensonderrig bo geloofsverdeeldheid het reeds hier sy verskyning gemaak en was die gevolg van De Mist se verligte idees. Die vraag ontstaan nou: Watter verligte idees het by De Mist meegewerk om hierdie rewolusionêre verandering ten opsigte van die onderwys aan die Kaap te weeg te bring? Uit die voorgaande is dit reeds duidelik dat De Mist deurdronge moes gewees het van die idees van die "Aufklärung". Die idee van volksonderwys, gereël deur die staat sonder kerklike invloed, het ook reeds in Holland ingang gevind, waarvan De Mist voor sy koms na Suid-Afrika 'n deeglike kennis gehad het, soos

(25) Greyling, op.cit., p.33-34.

(26) Malherbe, E.G. Education in South-Africa (1652-1922). Kaapstad, 1925. p.52.

(27) Greyling, op.cit., p.34.

vroeër aangetoon is. Verskeie verenigings en maatskappye met humanistiese invloed het gedurende die tweede helfte van die 18e eeu in Nederland ontstaan. Hierdie maatskappye, o.a. *"de Hollandsche Maatschappij van Wetenschappen te Haarlem en Het Zeeuwsche Maatschappij der Wetenschappen"*, waarvan De Mist en Jansens direkteure was, het hulle veral beywer vir volksonderwys.⁽²⁸⁾

Soos later sal blyk, was De Mist veral ook 'n groot voorstander van die genoemde Maatschappij Tot Nut van't Algemeen. Dié *"Tot Nut"*-maatskappy het hom in die besonder besig gehou met die onderwys van die laere volksklasse en het hom aanvanklik sorgvuldig buite die politieke stryd gehou wat destyds aan die woed was tussen die Oranjemanne en die Patriotte en het 'n stelsel van onderwys beoog waarvan almal, van watter party of geloof ook al, gebruik sou kon maak.⁽²⁹⁾ Dit was hierdie maatskappy wat die leiding gegee het aan die Nasionale Vergadering se kommissie om 'n *"Plan van Nasionaal Onderwys"* te ontwerp en wat aanbeveel het dat die godsdiensonderrig geen leerstellige onderrig moes wees nie, maar dat dit 'n waarlik opvoedende en sedekundige karakter moes aanneem. P.S. du Toit beweer verder dat

"as die Bewindhebbers by die opstel van die skoolwet (1801) nie direk onder die invloed van die bevindings van die hoofbestuur van die "Tot Nut" gestaan het nie, laasgenoemde ten minste met die Regering gedeel het in hulle liberale opvattinge in verband met die onderwys". (30)

Die invloed van die *"Tot Nut"*-maatskappy op De Mist blyk veral daaruit dat hy reeds in sy Memorie daarna verwys en hier ter plaatse ook 'n maatskappy, *"Tot Nut van't Algemeen"* gestig het. Alhoewel al hierdie omstandighede nie heeltemal iets nuuts was nie, was die toepassing daarvan aan die Kaap 'n uiters rewolusionêre stap en het dit onder die destydse konserwatiewe ingesetenes soos 'n skielike slag uit die bloute gekom.

(28) Van der Merwe, P.J. Die Kaap onder die Bataafse Republiek, 1803-1806. Amsterdam, 1926. p.183.

(29) Du Toit, P.S., op.cit., p.51.

(30) Ibid., p.52.

Soos die Nederlanders hulle eie skoolwet van 1801 bestempel het as behorende tot die skynvrugte van die vryheidsboom en dit beskryf het as 'n heidense skoolwet, is die verordeninge van De Mist deur die Kaapse bewoners beskou as geskoei "*op de theorieën van het ongelooft*".⁽³¹⁾

Die klimaat vir 'n neutrale godsdiensonderrig in Suid-Afrika was dus op hierdie tydstip reeds geskep.

1.3 GODSDIENSONDERRIG AAN DIE KAAP GEDURENDE DIE 19e EEU AS WEERSPIEËLING VAN DIE ONDERWYSBELEID IN BRITTANJE

1.3.1 Die onderwysbeleid in Brittanje ten opsigte van godsdiensonderrig gedurende die 19e eeu

Net soos die ontwikkeling van die onderwystoestande, veral ten opsigte van godsdiensonderrig, gedurende die bewind van die V.O.C. aan die Kaap noue verband getoon het met die destydse onderwystoestande in Nederland; en net soos die gereformeerd-konfessionele aard van die onderwys rewolusionêr verander het met die koms van De Mist wat met die verligte idees van die "*Aufklärung*" deurdronge was, so sou die onderwys gedurende die daaropvolgende Britse tydperk aan die Kaap ook 'n weerspieëling wees van die destydse Britse onderwysbeleid in Brittanje.

Dit is gedurende hierdie tydperk in die Britse onderwysgeskiedenis dat 'n dogma- en gewetensklousule sy verskyning op die wetboek in Brittanje gemaak het. Die toestande wat aanleiding gegee het tot dié Britse onderwyswet sou nie net invloed op die onderwys in Suid-Afrika hê nie maar sou ook 'n bydrae lewer tot die ontstaan van 'n dogma- en gewetensklousule op die wetboek in Suid-Afrika.

Dit is derhalwe noodsaaklik dat die historiese verloop van die godsdiensonderrig in Brittanje ook kortliks hier nagegaan word.

Kenmerkend van die onderwys in Engeland aan die begin

(31) Ibid., p.54-55.

van die 19e eeu was die gebrek aan 'n behoorlik omskrewe en algemene onderwysstelsel. Die onderwys was in die hande van godsdienstige en filantropiese inrigtings wat privaatondernemings was en in die onderwysbehoeftes moes voorsien.⁽³²⁾ Hierdie privaatinrigtings het meesal uit die Anglikaanse Kerk ontstaan en filantropiese doelstellings nagestreef. Van hierdie pri-vaatskole verdien die Monitorskole besondere aandag. Die stelsel het sy oorsprong in die Britse kolonie Madras gehad waar dr. Andrew Bell, die stigter, hoof van die militêre wees-huis was.⁽³³⁾ Omdat dit goedkoop en doeltreffend was, is die stelsel in 1798 in Engeland deur Joseph Lancaster, 'n Kwaker, ingevoer en toegepas.

Hierdie skole het later in Engeland bekend gestaan as die Lancasterskole wat toe onder beheer van die "*British and Foreign Society*" gekom het. Die aanhangers van hierdie ver-eniging het 'n gemengde gemeenskap verteenwoordig, Protestante sowel as Nonkonformiste. Hierdie gemengde samestelling het, om samewerking te behou, noodwendig gelei tot nie-sektariese godsdiensonderrig en voorsiening gemaak vir Bybelonderrig sonder kategetiese kommentaar. James S. Mill, 'n groot voor-stander hiervan, het dit gesien as skole vir almal en nie slegs vir kinders van kerkklidmate nie.⁽³⁴⁾

Die Anglikaanse kerk was heftig gekant teen hierdie so-genaamde godsdien(neutral)iteit en het planne beraam om dit te beveg. Die Anglikane het tot die besef gekom dat die moni-torstelsel oorspronklik die skepping van 'n geloofsgenoot (Dr. Bell) was wat later in die hande van Nonkonformiste beland het, met die gevolg dat die Anglikaanse Episkopaat in 1811 'n opposisievereniging teen die Lancastervereniging in die lewe geroep het, nl. "*The National Society for the Education of the Poor in accordance with the Principles of the Established Church*".⁽³⁵⁾

Hierdie pasgestigte vereniging het, net soos die

-
- (32) Halevey, Elie. A History of the English People in 1815. London, 1924. p.459-460. (Vgl. ook Birchenough, Charles. History of Elementary Education in England and Wales. London, 1925. p.3).
- (33) Birchenough, op.cit., p.42.
- (34) Halevey, op.cit., p.436.
- (35) Ibid., p.463.

opponerende "*British and Foreign Society*", baie gedoen vir die vooruitgang en bevordering van die onderwys in Engeland, hoewel dié twee verenigings deur hulle onderlinge twis en godsdiensonverdraagsaamheid ook baie daartoe bygedra het om die invoering van 'n nasionale onderwysstelsel te vertraag.⁽³⁶⁾

Op 10 April 1839 is 'n spesiale komitee, met Sir James Kay-Shuttleworth as sekretaris, benoem deur die regering om die moontlikhede van staatsonderwys te ondersoek. Hoewel hierdie komitee nie 'n staatsonderwysstelsel in die lewe wou roep nie, het dit tog 'n oorheersende plek aan die staat in die onderwys toegeken. Die komitee het onder andere aanbeveel dat godsdiensonderrig van 'n nie-sektariese aard moes wees, met die gevolg dat die Anglikaanse kerk dit so heftig teengestaan het dat die komitee noodgedwonge van sy aanbevelings moes afsien.

'n Tweespalk ten opsigte van die onderwys het tussen die Anglikane en Nonkonformiste ontstaan, wat in 1858 uitgeloop het op die Newcastle-onderwyskommissie van 1858. Hierdie kommissie het die godsdiensonderrig 'n baie netelige vraagstuk gevind en kon niks nuuts aanbeveel nie. Die gevolg is dat die stryd tussen Anglikane en Nonkonformiste voortgeduur en die toestand dus al meer in die rigting van nie-sektariese godsdiensonderrig voortbeweeg het.⁽³⁷⁾

Dat die element van versekularisering teen hierdie tyd alreeds in sommige dele van die Engelse onderwys aanwesig was, word bewys deur die landswye veldtog in 1869, geloods deur die toe nuutgestigte National Education League, wat in die lewe geroep is met dié doel en hom beywer het vir 'n universele onderwysstelsel, vry, dog verpligtend en onsektaries, waaraan alle gelowe deel kon hê, agnostici sowel as ateïste.

Aanvanklik het daar skerp meningsverskil bestaan oor die vertolking van die woord "*onsektaries*". Met die eerste vergadering van die National Education League in Oktober 1869 het

(36) Van Wyk, A.H. du P. Die Invloed van die Engelse skoolwese op die Kaapse Skoolwese, 1806-1915. Pretoria, 1947. p.22.

(37) Ibid., p.26-33.

die voorsitter die betekenis van die woord verklaar as "*the exclusion of catechisms, creeds or tenets peculiar to any particular sect*".⁽³⁸⁾ Hiermee het ons die kern van die woorde, oorsprong en inhoud van die huidige dogmaklousule. Die interpretasie van die woord het hierna egter weer twee groepe vertolkers gehad. Sommige lede wou die klem op slegs sekulêre onderwys laat val en wou dat godsdiensonderrig uitgesluit en aan vrywillige groepe oorgelaat word, terwyl ander Skriflesing sonder nota of kommentaar wou hê. Hieruit ontstaan toe 'n stryd binne die bondslede oor die begrippe "*onsektaries*" en "*sekulêr*", wat uiteindelik weer uitloop op 'n teenorganisasie, die National Education Union. Albei organisasies was dit eens oor die aard van universele onderrig. Die verskil tussen die twee het egter daarop neergekom dat die Bond 'n nasionale onsektariese onderwysstelsel bepleit het, teenoor die Unie wat om die behoud van alle denominasies binne die onderwys gepleit het.⁽³⁹⁾

Daar dien op gelet te word dat, hoewel die stryd hier nie gegaan het om 'n totale ongodsdienstige skoolwese aan die een of die ander kant nie, albei groepe konfessionele godsdiensonderrig uitgesluit het en dat dit by beide op 'n sentrale en kleurlose godsdiensonderrig gedui het.

Onderwys, van watter aard ookal, was op dié stadium hoofsaak. Dit het by die meeste ouers nie meer saak gemaak watter soort godsdiensonderrig hulle kinders ontvang nie.

Binne die skoolorganisasie was daar egter diskriminasie teenoor individuele leerlinge, en veral deur sektariese entoesiaste teenoor die andersdenkendes. Dit het die kommer van baie ouers gewek. Vir die sektariese entoesiaste was onderwys nie bedoel vir hierdie lewe nie maar vir die redding van siele, en daarom sou enige onderwys sonder religieuse strekking 'n onderwys van ewige verdoemenis beteken.⁽⁴⁰⁾

(38) Cruickshank, Marjorie. Church and State in English Education - 1870 to the present day. London, 1963. p.16.

(39) Ibid., p.17.

(40) Cruickshank, op.cit., p.17-24.

Temidde van hierdie onderwysvete verskyn die nuwe onderpresident van die onderwyskommissie, Edward Forster, 'n Puritein van geboorte, op die toneel, wat die hele onderwys-situasie met kalme beredenering benader het.⁽⁴¹⁾

Hoewel hy baie simpatie met die Nonkonformiste gehad het, het hy homself objektief bo die denominasionele strewe gehou. Hy het egter die doelstellinge van beide die National League en National Union verwerp. Onder sy leiding verskyn op 17 Februarie 1870 die nuwe Onderwyswetsontwerp⁽⁴²⁾, waarvolgens dit aan die diskresie van skoolrade oorgelaat word om binne die eie gebied van elke skool te besluit of die onderrig daar sekulêr, onsektaries of sektaries sou wees. Nogtans was Forster gekant teen alle versekularisering van die skoolwese. Hy het in die Parlement gesê dat uitsluiting van godsdiensoonderrig die uitsluiting van die Bybel uit die skole sou beteken en daarop die vraag gestel of dit nie tragies is dat juis dié Boek wat die fondament van alle onderwys is, juis dié Boek is wat nie meer in die skole toegelaat sou word nie.⁽⁴³⁾

'n Invloedryke groep uit die Nonkonformiste was die Metodiste wat liever 'n gewetensklousule voorgestaan het as 'n bepaling wat tot die voordeel van enige ander denominasie, bv. die Anglikane, sou strek. Ander Nonkonformiste was weer verdeeld oor dié saak en het godsdiensoonderrig as taak van die eie kerk gesien. Die radikales het die wet beveg omdat die skoolraadskole na hulle mening slegs in kerkskole sou verander. Die hele aangeleentheid is later deur een van die parlamentslede opgesom as "*the miserable religious squabble*".⁽⁴⁴⁾

Om tot 'n moontlike oplossing te kom, is 'n amendement deur een van die parlamentslede, Cowper-Temple, voorgestel. Die betrokke klousule 7(1) sou dan soos volg lui: "*... no religious catechism or religious formulary which is distinctive of any particular denomination shall be taught in schools which receive rade aid*".⁽⁴⁵⁾ Dit was byna woordeliks die

(41) Ibid. (Vgl. ook Birchenough, op.cit., p.122).

(42) "Parliamentary Debates: Elementary Education Bill, 1870", soos aangehaal deur Birchenough, op.cit., p.122.

(43) Ibid. (Vgl. ook Birchenough, op.cit., p.126-127).

(44) Ibid., p.25-27.

(45) Birchenough, op.cit., p.127.

dogmaklousule wat later in die Smutswet van 1907⁽⁴⁶⁾ sou verskyn. Die Britse skoolrade sou toegelaat, maar volgens die klousule nie verplig word nie, om nie-sektariese godsdiensoonderrig in hulle onderskeie skole te gee. Hulle sou dus, indien so verkies, suiwer sekulêre onderrig kon gee.⁽⁴⁷⁾

Voorts het die klousule verklaar:

"It shall not be required, as a condition of any child being admitted unto or continuing in the school, that he shall attend or abstain from attending any Sunday School, or any place of religious worship, or that he shall attend any religious observance or instruction in religious subjects in the school or elsewhere, from which observance or instruction he may be withdrawn by his parent, or that he shall, if withdrawn by his parent, attend the school on any day set apart for religious observance by the religious body to which his parent belongs". (48)

Die klousule was 'n negatiewe formulering. Dadelik het daar ook nou die vraag na die werklike betekenis van begrippe soos "formulary", "undenominational christianity", "unsectarian instruction", ontstaan. Die antwoorde hierop het vaag en dubbelsinnig gebly.⁽⁴⁹⁾

'n Verdere implikasie van dié klousule was dat staatsinspekteurs nie skole vir godsdiensoonderrigdoeleindes sou besoek nie. Dit het die status van die vak in die oë van onderwysers, leerlinge en ouers verder verlaag.⁽⁵⁰⁾ Dit het egter nie net die status van die vak benadeel nie, maar het beteken 'n godsdiensoonderrig bo geloofsverdeeldheid, wat op sy beurt weer 'n neutrale godsdienssin in die hand sou moes werk.

Die feit dat geen inspeksie ten opsigte van godsdiensoonderrig meer gedoen sou word nie en dat die aanbieding van

(46) Art. 34(4) van Wet No. 25 van 1907.

(47) Cruickshank, op.cit., p.30.

(48) Terwille van dié inhoudelike ooreenkoms met die betrokke klousules in die Smutswet 1907 word hierdie aanhaling woordeliks gegee uit: Barnard, H.C. A Short History of English Education. London, s.j. p.136.

(49) Cruickshank, op.cit., p.30.

(50) Burgess, H.J. Enterprise in Education. London, 1958. p.199.

godsdiensonderrig bo geloofsverdeelldheid moes wees, het die vak flou en kleurloos gemaak. Basil Yeaxlee sien dit so:

"Religious instruction no longer formed the 'pivot of teaching', but became a mere adjunct. Instead of religion providing the integrating factor which gave meaning to the whole of the curriculum, it became one of the subjects competing for a place on the time-table". (51)

Skoolrade en onderwyshoofde het gewoonlik die plaaslike leraar gevra om 'n godsdiensleerplan op te stel sodat onderwysers wat binne die perke daarvan sou bly, heeltemal veilig sou wees van wetsoortreding of van godsdienstige twiste.

Die vervlakking van godsdiensonderrig is egter verder vererger deur die feit dat, terwille van praktiese uitvoerbaarheid, al die leerlinge in die skole om nege-uur soggens "Bybel" geleer is; toe die klasse later te groot geword het, was dit onvermydelik dat alle onderwysers, hetsy simpatiekgesind en/of wel toegerus of nie, of geen van beide, noodgedwonge daaraan moes deelneem.⁽⁵²⁾

Die "Agreed Syllabuses" wat na 1924 ontstaan het, het in 'n mate as salwing vir hierdie probleemsituasie gedien. Dit was leergange met 'n nie-denominasionele strekking, saamgestel deur plaaslike verteenwoordigers van die staatskerk en Nonkonformiste-kerke, sodat dogmatiese en leerstellige onderrig vermy kon word waar dit nie met die leerstellings van al die denominasies ooreengestem het nie.⁽⁵³⁾ Dit kon ook nie anders as 'n verwaterde godsdiensonderrig wees nie.

Vanweë die feit dat die onderwys aanvanklik in die hande van filantropiese privaatondernemings met 'n gemengde samestelling was en die tydsgees gelyke regte aan alle individue van die gemeenskap, ook wat die onderwys betref, gestel het, kon die latere onderwysstelsel (1870) wat vry dog verpligtend was, nie anders as onsektaries van aard wees nie.

(51) Yeaxlee, Basil. Religion in the Nation's Schools. Surrey, England, 1951. p.19.

(52) Burgess, op.cit., p.102.

(53) Barnard, op.cit., p.280.

Die staat kon nie anders as neutraal ten opsigte van die godsdiensonderrig staan ter voldoening aan dié tydsgees nie.

Hierdie onkonfessionele, eintlik neutrale en kleurlose vorm van godsdiensonderrig, was 'n tendens in die onderwys wat sy ontstaan te danke gehad het aan drie groot humanistiese idees uit die onderwyswêreld van daardie tyd, nl. dat elke individu die reg het op gelyke onderwysgeleenthede; dat onderwys 'n opleiding tot burgerskap is, en dat die regte soort onderwys die grondslag van nasionale voorspoed vorm.⁽⁵⁴⁾

1.3.2 Godsdiensonderrig aan die Kaap gedurende die 19e eeu

Geleidelik het die onkonfessionele kleurlose vorm van godsdiensonderrig in die onderwys toe ook op Suid-Afrikaanse bodem inslag gevind.

Dié idees van gelyke onderwysgeleenthede, opleiding tot goeie burgerskap as basis vir nasionale voorspoed, is nie net deur De Mist in sy onderwysbeleid uitgevoer nie, maar sou in die Britse tydperk daarna aan die Kaap nie alleen gehandhaaf nie maar verstewig word deur die uiteindelijke dogma- en wetenskousule op die Kaapse wetboek.

Een van die belangrikste kenmerke van die Britse tydperk was die stelselmatige pogings van die Britse regering om die gereformeerde staatskool met sy konfessionele onderrig ten behoeve van die kerk te vervang deur 'n stelsel wat die koloniste langsaamerhand sou verengels en wat deels ook van die godsdiensonderrig vir dié doel gebruik sou maak.

Deur die sogenaamde Kusterskole, waar die amp van "*koster en voorleser*" verbind is met dié van die onderwyser en wat ingestel is in die tyd van Sir John Cradock in 1812, is daar vir 'n lang tyd versoenend opgetree teenoor die Hollandse koloniste. Die goewerneur was egter gemagtig om na willekeur onderwysers en hoofde van onderwys aan te stel om sodoende sy houvas op die plattelandse onderwys te verseker.⁽⁵⁵⁾

(54) Basson, M.A. Die Britse Invloed in die Transvaalse Onderwys 1836-1907. Universiteit van Pretoria, 1950. p.41.

(55) Du Preez van Wyk, op.cit., p.53.

Hierdeur is die belange en invloed van die ouer op die onderwys ingekort, want hulle sou geen seggenskap in skoolsake hê nie. Dit het veroorsaak dat die plaaslike inisiatief en belangstelling van die ouers uitgedoof en alle samewerking tussen staat, skool, kerk en huis onmoontlik gemaak is. Om die belange van die kerk nader aan die skool te bring, het Cradock 'n "*Bible and School Commission*" benoem waardeur noue voeling met die predikante van veral buitelandse distrikte probeer hou is. Die Kusterskole het egter misluk soos blyk uit dié genoemde kommissie se verslag aan die goewerneur in 1816.⁽⁵⁶⁾

Die Engelse skole onder Lord Charles Somerset het as staatskole ook direk onder beheer van die goewerneur gestaan. Ook in hierdie skole was daar geen samewerking tussen ouer en staat by die oprigting van skole nie - dit het slegs van die staat uitgegaan. Die beleid het hier geleidelik verander van 'n kerklike beheer van die skoolwese, deur die bepaling van die soort onderwys wat gegee mag word, tot 'n politieke despotisme wat in diens van anglisasie gestaan het.⁽⁵⁷⁾ Geen wonder dus dat hierdie skole deur die Hollandssprekendes nie ondersteun is nie. Hulle geloof in dit wat hulle as hulle eie beskou het, was so sterk dat, ten spyte van die dwingende maatreëls van verengelsing, daar altyd 'n gees van optimisme behou is. Dit is opvallend hoedat kerk, skool, taal en nasionaliteit vir hulle 'n onlosmaaklike eenheid was wat teen elke prys beskerm, verdedig, gehandhaaf en bestendig moes word.⁽⁵⁸⁾

Somerset het egter as outokraat volhard met sy beleid van Engels as amptelike taal ook in die skool, en hoewel hy later die volkstaal by godsdiensoefeninge toegelaat het, moes onderwysers in staat wees om godsdiensoonderrig ook in Engels te doseer.⁽⁵⁹⁾

Die invloed van Somerset se angliseringspolitiek op godsdiensoonderrig blyk uit 'n besluit van die Ned. Geref. Sinode van 1837 dat die Heidelbergse Kategismus en die

(56) Van der Schijff, W.G. Die Gereformeerde Beginsel in die Onderwys in Transvaal tot 1963. Potchefstroom, 1964. p.82.

(57) Du Preez van Wyk, op.cit., p.54.

(58) Cilliers, op.cit., p.38.

(59) Ibid., p.42-43.

Kortbegrip ook in Engels beskikbaar gestel sou word.⁽⁶⁰⁾

Waar die verengelsingsbeleid van die Engelse goewerneurs as één van die oorsake van die Groot Trek gesien moet word, kan saam daarmee ook gesien word, nie as 'n oorsaak nie maar as 'n strewe om godsdiensoonderrig in sy eie taal te hê, die Afrikaner se sterk drang na vryheid van gewete, godsdien, taal en selfontplooing en die wil om as aparte volk met 'n eie goddelike roeping te bly voortbestaan. Met sy rotsvaste gereformeerde beskouing ten opsigte van opvoeding en onderwys in sy eie taal, het hy getrek na die Noorde waar hy sy eie onderwysstelsel sou begin. Die Kaapse skole het die gereformeerde kenmerk verloor, omdat dit daar as neutrale staatskole tot ontplooing gekom het, terwyl die skole in die Boererepublieke aanvanklik net ouerskole was, waarvan die gereformeerde beginsel die grondslag gevorm het.

Die stryd om 'n onderwys op gereformeerde grondslag het egter na die Trek in die Kaapkolonie bly voortbestaan.

Op 28 Augustus 1837 het kol. (later Sir John) Bell, destyds koloniale sekretaris, 'n memorandum oor die skole van die Kaapkolonie opgestel wat later sou uitloop op die onderwyswetgewing van 1839.⁽⁶¹⁾ Onder invloed van Sir John Herschel word Dr. James Rose Innes in 1839 aangestel as die eerste Superintendent van Onderwys. In 1841 word die eerste "*established schools*" deur hom gestig. Die godsdiensoonderrig in hierdie skole is gereël ooreenkomstig die beginsels uiteengesit deur Sir John Herschel in 'n memorandum gedateer 17 Februarie 1839 en geproklameer in die Goewermentskennisgewing van 23 Mei 1839. Die godsdiensoonderrig sou hiervolgens bestaan uit die daaglikse lees uit die Bybel op 'n gesette tyd. Geleentheid sou aan leerlinge gebied word om die kategetiese onderrig van hulle onderskeie leraars by te woon. Indien enige ouer gewetensbeware sou hê om sy kind dié godsdiensoefening van die skool te laat bywoon, sal aansoek om verlof vir afwesigheid gedurende die uur wat vir die oefening bepaal is, aan die kind toegestaan word.⁽⁶²⁾

(60) Ibid., p.39.

(61) Cilliers, op.cit., p.51-53.

(62) Venter, E.L.J., op.cit., p.20.

Hier word nou vir die eerste keer ook in Suid-Afrika melding gemaak van 'n "*gewetensklousule*" vir sover dit betrekking het op die ouers van skoolgaande kinders. Met inagneming van hierdie "*gewetensklousule*" sou daar dus geleentheid wees vir kategetiese onderrig in die skool deur die leraars van die verskillende kerke.

Dit was hierdie soort klein toegewinkies wat stelselmatig en diplomaties die Afrikaner vir die toekoms wou voorberei vir berusting in 'n nuwe wêreld met liberale idees. Tog het godsdiensonderrig in die staatskole ook nie nou tot sy reg gekom nie.

Met die toekenning van verteenwoordigende bestuur in 1854 het die Afrikaner seggenskap in landsake begin kry, die volksbewussyn het begin groei en stemme het begin opgaan teen die anglisasieproses, eers sporadies maar weldra (soos later sal blyk) baie sterk en georganiseerd.⁽⁶³⁾

Ook het die kerk teen hierdie tyd die gevaar van die gebrekkige godsdiensonderrig in regeringskole begin insien, want die 8e sinode van die N.G. Kerk (1852) het besluit op die stigting van kerkskole, terwyl die volgende sinode (1857) hom in beginsel uitgespreek het ten gunste van 'n stelsel van christelike staatskole en 'n waaksaamheidskommissie aangestel het om toe te sien "*dat het positief Christelik element niet verdwijne uit de volksscholen*".⁽⁶⁴⁾

Waar die Herschelplan kategetiese onderrig binne die skoolure deur 'n leraar van die kerk waaraan die betrokke groep leerlinge behoort het, toegestaan het, word in 1861 deur die Watermeyer-onderwyskommissie aanbeveel dat plaaslike besture voorsiening kon maak vir christelike godsdiensonderrig buite die skoolure, maar dat die bywoning daarvan by die betrokke ouers berus.⁽⁶⁵⁾

In 1862 het die N.G. Kerk se Kommissie vir Opvoeding

(63) Cilliers, op.cit., p.61.

(64) Die Gereformeerde Kerkbode in Zuid-Afrika, IX(23): p.375, 7 Nov. 1857.

(65) Du Preez van Wyk, op.cit., p.100.

en Onderwys (waaksaamheidskommissie) by die sinode aanbeveel dat die regering versoek word om geen gehoor te gee aan die aanbeveling van die Watermeyer-onderwyskommissie nie, want dit kon slegs lei tot *"wering van den Bijbel uit de Scholen, en tot schade voor het Christendom en het Christelijke Onderwijs in dit land"*. Daarop het die sinode dit aan die waaksaamheidskommissie opgedra om soveel moontlik oor hierdie saak te waak en te sorg vir christelike godsdiensoonderrig in die skole.⁽⁶⁶⁾

As gevolg van die aanbevelings van die Watermeyerkommissie het die onderwyswet van 1865 tot stand gekom. Dié wet het die beginsel van nie-sektariese godsdiensoonderrig gehandhaaf, en ooreenkomstig die aanbevelings van die Watermeyerkommissie is bepaal dat die plaaslike skoolkommissies voorsiening kon maak vir godsdiensoonderrig buite die vier gewone skoolure, hoewel geen leerling sonder die toestemming van die ouer verplig sou word om dit by te woon nie.⁽⁶⁷⁾

Hiermee was konfessionele godsdiensoonderrig uit die staatskole uitgesluit. Die Gereformeerde Afrikaner kon hom nie daarmee versoen nie en kon nie sy kinders in sulke skole laat opvoed waar die gees teen die opvoeding in eie huis ingedruis het nie.⁽⁶⁸⁾ Toe dié wet in 1865 van krag geword het, het dit gelei tot baie ontevredenheid en tot die stigting daarna van etlike kerkskole.⁽⁶⁹⁾

Hiermee was die versekularisering en neutralisering van die staatskool soos deur die skool- en kerkorde van De Mist in die vooruitsig gestel, voltooi. Die ou stelsel van die gereformeerde staatskool was vernietig. Vir die Afrikaner was die skool nou 'n skool sonder die Bybel.

E. Greyling som tereg hierdie agteruitgang soos volg op:

-
- (66) Handelinge van die Twaalfde Synode der Ned. Herv. of Geref. Kerk van Zuid-Afrika. Pretoria, 1919. p.242.
(67) Du Preez van Wyk, op.cit., p.101.
(68) Cilliers, op.cit., p.64.
(69) De Gereformeerde Kerkbode in Zuid-Afrika, XX(4): p.61-62, 15 Feb. 1868.

"Die onderdrukking van die moedertaal ..., die invoering van die vrye stelsel; die invoering van die gemengde staatskool; die invoering van die onsektariese godsdiensonderwys en die gewetenskousule met betrekking tot die ouers; en uiteindelik die invoering van godsdienslose skole". (70)

'n Pennestryd het teen die Onderwyswet van 1865 ontwikkel. Daar is ruimskoots gebruik gemaak van tydskrifte nl., *"De Zuid-Afrikaan"*, *"De Patriot"* en *"De Opwekking"* om gevoelens te lug. In hierdie stryd is daar o.a. geskrywe oor *"die verworping van onze dierbare Bybel"*, *"die skole sonder Bybel"*; en die gebrek aan ondersteuning van predikante vir Christelike skole; *"'n skool op posetief gristelike beginsels gegrond"*. (71)

Die stryd vir privaat- en kerkskole het voortgeduur tot die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog. Die Skoolraadswet van 1905 en die herhaling daarvan in Wet 25 van 1909 het die oorname van privaatskole deur die staat bepaal en so bygedra tot die verdwyning van kerk- én privaatskole. (72)

Waar 'n humanistiese tydsgees die Britse onderwysbeleid nie alleen deursuur het nie, maar onder staatsbeheer ook gedwing het tot 'n neutrale godsdiensonderrig in die Britse skole, het die Engelse regering die onderwys aan die Kaap in die lig van die moederland se beleid gesien. Gelyke onderwysgeleenthede, wat moes bydra tot nasionale voorspoed het die Engelse goewerneurs aan die Kaap deur die bril van hulle angliseringspolitiek gesien. Geleidelik is die belange en seggenskap van die ouer en die kerk in die skool deur die Engelse owerheid uitgeskakel. Die skool, onder staatsbeheer geplaas, het 'n neutrale gees geadem en dus ook 'n neutrale godsdiensonderrig bo geloofsverdeeldheid vereis. Die 1865-onderwyswet was die sluitsteen vir 'n gemengde staatskool met 'n nie-sektariese godsdiensonderrig. Op byna soortgelyke wyse sou die onderwys in die Boererepublieke, ook onder invloed van 'n humanistiese tydsgees, ontwikkel.

(70) Greyling, op.cit., p.42-43.

(71) Cilliers, op.cit., p.74-86. (Vgl. *De Patriot*, Uitgawes tussen 21 Nov. 1879 en 3 Sept. 1880).

(72) Ibid., p.142-144.

1.4 GODSDIENSONDERRIG IN DIE ZUID-AFRIKAANSKE REPUBLIEK
(1872-1906)

1.4.1 Die tydperk 1852-1902

Die Afrikaner se gereformeerde lewensbeskouing het in die Zuid-Afrikaanse Republiek die grondslag gevorm van die skoolstelsel wat daar tot ontplooiing sou kom. Die Kaapse skole was neutrale staatskole wat hierdie kenmerk verloor het, terwyl die skole in die Boererepublieke aanvanklik eers ouerskole was. Die opvoeding was gerig op die tydelike sowel as die ewige. Die vernaamste eis was dat kinders Gods Woord moes kon lees om hulle deur middel daarvan vir aflegging van die belydenis van geloof voor te berei.⁽⁷³⁾

Die leerplan wat gevolg is, was feitlik dieselfde as wat deur die De Chavonnes-ordonnansie bepaal is. Die Bybel was die belangrikste boek in die skool wat ook gebruik is vir lees-, spelling-, skryf- en taalonderrig. Dan het die eintlike kern van die opvoeding gevolg, naamlik die godsdienstige opvoeding vir die belydenis van die geloof.⁽⁷⁴⁾

Die eerste bemoeiing van staatsweë was die Van der Lindenreglement van 1852 waarin bepaal is dat die onderwys 'n godsdienstige strekking moet hê.⁽⁷⁵⁾ Die onderwysers is kragtens dié reglement deur die kerkrade gekeur en van hulle is verwag om minstens tweemaal per week katekisasie te hou vir diegene wat as lidmate van die Kerk aangeneem wil word. Kerk en skool het so innig saamgewerk dat daar geen noodsaaklikheid vir 'n godsdienksklousule vir die skool was nie.⁽⁷⁶⁾

Die eerste aanduiding van 'n staatskool vind ons in die Grondwet van 1858.⁽⁷⁷⁾ In hierdie Grondwet is artikels 20, 21 en 23 van belang omdat hieruit duidelik en ondubbelsinnig blyk dat slegs die staatskerk, die Nederduitse Hervormde Kerk, en

(73) Coetzee, J. Chris. Onderwys in Transvaal. 1838-1937. Pretoria, 1941. p.13-15, gee 'n mooi beskrywing van die aard van hierdie beginonderwys in Transvaal.

(74) Coetzee, op.cit., p.14.

(75) Lugtenburg, A.H. Geskiedenis van die Onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek. Pretoria, 1925. p.261.

(76) Coetzee, op.cit., p.12.

(77) De Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek. 1849-1885. Pretoria, 1887. p.35.

geen ander kerk geduld sou word nie, en geen ander leer as dié uit die Heidelbergse Kategismus, geleer sou word nie.

Gedurende die eerste gedeelte van hierdie begintydperk was die gees en rigting van die onderwys christelik-nasionaal. Dat die ouers tevrede was om die onderwys grotendeels in die hande van die staat te laat, moet toegeskryf word aan die feit dat die onderwys in die skole, wat die gees en rigting betref, 'n voortsetting was van die onderwys wat die ouers in die huis gegee het.⁽⁷⁸⁾

Volgens art. 24 van die Grondwet sou daar vir die onderwys voortaan van regeringsweë voorsiening gemaak word sodat onderwyssake uit die beheer van die plaaslike kerkrade in dié van die regering sou oorgaan. Dit was die beginstadium van 'n gewetensklousule vir die Transvaalse Onderwys. Op 19 April 1859 lê die skoolkommissie van Potchefstroom op versoek van die regering 'n nuwe onderwysreglement vir Transvaal voor. In art. 8 word Bybelgeskiedenis en die sing van psalms en gesange by die ander vakke bygevoeg. Art. 26 was reeds 'n voorloper van die godsdiensklousule van 1907.⁽⁷⁹⁾

Die uitvoerende raad was egter weens sy veelvuldige werksaamhede nie by magte om aan die onderwys reg te laat geskied nie, sodat die algemene toesig en beheer daaroor verswak en later feitlik verdwyn het.⁽⁸⁰⁾

Dit was die toestand in die onderwys toe President T.F. Burgers in Julie 1872 op die toneel verskyn het. Vanaf die datum van die aanvaarding van sy presidentskap dagteken 'n nuwe koers in die onderwys van Transvaal.

Pres. Burgers was voorheen predikant van die Ned. Geref. gemeente van Hanover. In Kaapland het hy hom reeds geskaar aan die kant van die sogenaamde liberale predikante. Hy was 'n

(78) Van der Schijff, op.cit., p.120.

(79) Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek. Deel IV. (1859-1863) Pretoria, 7 Maart 1952, p.247-249.

(80) Van der Schijff, W.G. Die Gereformeerde beginsel in die Onderwys in Transvaal 1881-1899. Potchefstroom, 1953. p.12.

voorstander van die Kaapse Onderwyswet van 1865 en 'n ondersteuner van die godsdiensoepaling van die Engelse "*Elementary Education Act*" van 1870.⁽⁸¹⁾

Met die volksraadsitting van 1873 is 'n komitee, die sogenaamde Pretoria-komitee, aangestel om te rapporteer oor 'n moontlike nuwe onderwysstelsel vir die Zuid-Afrikaansche Republiek. Die eerste verslag is deur die president verwerp omdat dit nie modern genoeg was nie. Die tweede verslag, in Engels opgestel, het hom tevrede gestel. Dit het 'n nie-sektariese en in sekere opsigte godsdienstlose skoolstelsel in die vooruitsig gestel.⁽⁸²⁾

Op 23 Oktober verskyn Onderwyswet No. 4 van 1874.⁽⁸³⁾ Die inleiding tot die wet stel dit duidelik dat dit nodig gevind is dat die wet op openbare onderwys met eerbiediging van elkeen se godsdienstige opvatting gereël word.

Die artikels in die wet wat besondere opspraak verwek het, was die volgende: Art. 3 sluit Bybelse Geskiedenis uit by die lys van skoolvakke wat aangebied sou word; Art. 26 het bepaal dat geen godsdiensoonderrig gedurende skoolure gegee sou word nie, maar dat die skoollokale vir dié doel met goedkeuring van die skoolkommissie beskikbaar sou wees vir leraars of onderwysers na-uurs; Art. 51 het bepaal dat onderwysers(esse) hulle moet onthou van enigiets wat strydig is met die verskuldigde eerbied van andersdenkendes, selfs buite skoolure.

Dit was veral hierdie artikels, en in die besonder art. 26 wat godsdiensoonderrig in die skool verbied het, wat kritiek van die publiek ontlok het.⁽⁸⁴⁾ Dit was hierdie artikels in die konsepwet wat tot Burgers se ongewildheid bygedra het. Sy bedoeling met "*godsdienstige onderwys*" het die publiek geïnterpreteer as 'n verbod om in die skool "*die Bybel te lees en bybelse geskiedenis te onderwys*", en hierdie interpretasie

(81) Coetzee, op.cit., p.13.

(82) Greyling, op.cit., p.73.

(83) Wet No. 4, 1874, Regelende het Onderwys in de Zuid-Afrikaansche Republiek. (In De Locale Wetten der Z.A. Republiek, 1849-1885. Pretoria, 1874. p.566).

(84) Lugtenburg, op.cit., p.97/98.

het die teëwerking 'n groot stoot vorentoe gegee. Oor die beginsel wat in vorige wette reeds direk of indirek vasgelê was en nou verontagsaam is, het die stryd nou gegaan. Die Volksraad was nie te vinde vir die bewoording van die konsepwet nie en na heftige besprekinge is art. 26 van dié wet verander tot die oorspronklike bewoording, met die byvoeging dat in elke skool die Bybel gelees en godsdiensoonderrig gegee sal word.⁽⁸⁵⁾ Die betekenis is nou weer aan dié artikel geheg dat dogmatiese onderrig geregverdig was. Hierdie byvoeging bewys dat die Volksraad en die volk nie die neutraliteitsgedagte van die President kon aanvaar nie omdat dit gebots het met die bestaande tradisie.

Groot tegemoetkomendheid is aan andersdenkendes betoon, dog hierdie besorgdheid oor die gevoelens van andersdenkendes moes die onderwyser selfs buite die skoolure muilband.

Ook art. 41 wat net die kwalifikasies van onderwysers vasgestel het, het nie lidmaatskap van 'n kerk vereis nie, en art. 74 het dit ook nie ten opsigte van die Superintendent vereis nie - dus 'n absoluut neutrale onderwyshouding: soos die President was, so moes die onderwysers ook wees. Hierby is egter ook later 'n byvoeging gemaak wat lidmaatskap van 'n protestantse kerk vereis het. 'n Groot deel van die bevolking - waaronder Paul Kruger - het onder die indruk gekom dat dié grondwet die Christendom bestry het, en teen 1876 was die verset teen die wet so groot dat die Volksraad besluit het om art. 21 van die grondwet so te wysig dat meer vryheid aan die uitoefening van elke burger of inwoner van die Republiek se godsdiensoonderrig gegee word.⁽⁸⁶⁾

Hierdie wet was 'n mislukking, grootliks omdat dit nie met die godsdienstige oortuigings van die volk rekening gehou het nie, maar hieroor later.

Na die anneksasie van Transvaal in 1877 word J. Vacy Lyle

(85) Z.A.R. No. 50. (In Byvoegsel tot de Staats Courant. No. 549, Vol. XVII. Pretoria, 28 October 1874).

(86) Van der Schijff, W.G. op.cit., p.131.

aangestel as die nuwe Superintendent van Onderwys.⁽⁸⁷⁾ Lyle het in sy voorgestelde onderwyswetgewing die saak van die godsdiensonderrig noukeurig en uitvoerig gestel. 'n Kort samevatting daarvan volg hieronder:-

Godsdiensonderrig vorm 'n essensiële deel van die skoolwerk; die onderrig daarin moet plaasvind aan die begin of die einde van die skooldag en 'n bepaalde periode moet op die rooster daarvoor aangegee word; dit sluit in die lees van die Bybel, Bybelgeskiedenis en die verklaring van die christelike beginsels; leerstellige onderrig word nie uitgeskakel nie maar die onderwyser moet hom bepaal by die algemeen aanvaarde Skrifbeginsels en sy onderrig so inklee dat die andersdenkendes nie gekwets of geïndoktrineer word nie. Lyle was dus ten gunste van die sogenoemde "*neutrale dogma*". Hy voeg verder by:

"For this purpose the wording of the Conscience Clauses of the English Law (Hy bedoel hier waarskynlik die Engelse Onderwyswet van 1870) will afford a guide framed as they are, to secure to all who desired it religious instruction for their children and secular Education only for those who desire secular Education only". (88)

Dit lyk dus of Lyle samewerking gesoek het tussen staat, kerk en ouer by die bepaling van die gees en rigting van die skool. Onder die Burgerswet het die kerk en ouer weinig kon bydra tot die gesonde gees van samewerking met die skool omdat Burgers se onderwyswet nie rekening gehou het met die godsdiensstige oortuigings van die ouer nie.

Hiervan het op dié tydstip niks tereg gekom nie. Na die Z.A.R. sy vryheid herwin het, het ál die wette soos voor anneksasie weer in werking getree, dus ook Wet No. 4 van 1874.

'n Nuwe Superintendent van Onderwys moes aangestel word. Die oog van die driemanskap het dadelik geval op ds. S.J. du Toit, predikant van die Paarl. Op hierdie tydstip was die

(87) Goewermments Kennisgewing No. 38, 18 Maart 1878.
(In Transvaalsche Gouvernements Courant. No. 49, Vol. II, 19 Maart 1878).

(88) Rapport van Lyle in Transvaalsche Gouvernements Courant No. 95 van 7 Jan. 1879, Vol. III. par. 68, p.5.

stryd wat in Kaapland ontketen is as gevolg van sy geskifte "*Vrije School voor het Kaapsche Parlement*" en "*Repliek op alle Recensiën*" en waarin hy beweer dat Christus die onderwys aan die kerk opgedra het, reeds goed bekend ook in Transvaal.⁽⁸⁹⁾ Voordat hy die betrekking aanvaar het, het hy met die Transvaalse Regering ooreengekom omtrent die grondslae van 'n nuwe onderwyswet wat hy sou moes opstel.⁽⁹⁰⁾

In antwoord op rekwisisies in Augustus en September 1882 het Paul Kruger, as kandidaat vir die presidentsverkiesing, sy beleid uitvoerig uiteengesit en o.a. gesê dat hy ook in staatsake die Woord van God as rigsgnoer neem en dat dit ook die fondament moes wees waarop die staat gebou moes word.⁽⁹¹⁾

As nuwe Superintendent van Onderwys het Du Toit die beginsel aanvaar dat dit die taak van die ouers is om te sorg vir die onderwys van hulle kinders. Die Onderwyswet (Wet No. 1) van 1882⁽⁹²⁾, ook genoem die Du Toit-wet, sou uitvoering gee aan hierdie beginsels wat o.a. ook die volgende behels het:- Die staat moes toesien dat sy burgers die vereiste christelike opvoeding ontvang. Die gees en rigting van die hele skool sou christelik wees, want daar is bepaal dat alle burgerlike onderwys in 'n christelike gees gegee moes word.⁽⁹³⁾ Binne skoolure sou godsdiensonderrig bestaan uit die opening en sluiting van die skool met skriflesing en gebed en die behandeling van Bybelgeskiedenis. Leerstellige onderrig is gelaat vir die verskillende kerke waarvoor lokale in die skoolgebou beskikbaar gestel sou word.

Met betrekking tot die christelike gees van die Onderwys en die behandeling van Bybelgeskiedenis het Du Toit dit verder toegelig deur daarop te wys dat die Bybel 'n ereplek

(89) Venter, op.cit., p.30-42. (Vgl. ook Lugtenburg, op.cit., p.130).

(90) Ibid., p.43. (Vgl. ook Malherbe, op.cit., p.259).

(91) Bredell, H.C. & Grobler, P. Gedenkschriften van Paul Kruger. Amsterdam, 1902. p.89. (Vgl. ook Krüger, D.W. Paul Kruger. Deel I, Johannesburg, 1961. p.268-269).

(92) Locale Wetten der Z.A.R., 1880-1884. p.1069-1075.

(93) Greyling, op.cit., p.75.

in die skool moes hê.⁽⁹⁴⁾ Toe die gedagte tydens die Volksraadsitting op 5 Oktober 1881 gelug is om leerstellige onderrig "*buite skoolure*" te hou, het Pres. Kruger dit heftig teengestaan. Sy argument was dat onderwys onder leiding van die kerk moet geskied. Hy het nie slegs geen skade gesien aan leerstellige onderrig gedurende skoolure nie, maar was selfs ten gunste daarvan omdat hy gemeen het dat dit 'n goeie bydrae sou lewer tot samewerking tussen die verskillende denominasies.⁽⁹⁵⁾

Word die onderwyswet van 1882 met die Burgerswet van 1874 vergelyk, dan is dit duidelik dat twee verskillende lewenshoudings die grondslag van die twee wette gevorm het. Die wet van 1874 het die liberale, terwyl die wet van 1882 die christelike voorgestaan het. Eersgenoemde het verklaar dat die Bybel in die skool gelees moet word en dat Bybelgeskiedenis onderwys moet word (art. 26). Dieselfde gedagtes word in Wet No. 1 van 1882 gevind, behalwe dat die woordkeuse verskil, wat blyke gee van 'n ander lewensopvatting. Du Toit het veral klem gelê op die christelike gees wat alle onderwys moet besiel; die skool staan dus vir hom in die teken van die christendom.

Hoewel Du Toit, net soos Burgers, ook leerstellige onderwys uit die skool geweier het deur te bepaal dat dit aan die verskillende kerkbesture oorgelaat moes word, het hy aan die anderkant die wens uitgespreek dat die verskillende gemeentes en kerkrade self die inisiatief moet neem by die stigting van skole en die samestelling van skoolkommissies. Die stigting van skole, beheer deur die ouers en besoek deur die kinders van dieselfde kerkgenootskap, word dus nie uitgesluit nie.

Du Toit sê ook duidelik wat hy onder 'n christelike skool verstaan. Dit is 'n skool waarin die godsdiensoonderrig nie alleen as leervak tot die sekulêre vakke bygevoeg is nie,

(94) Du Toit, J.D. Ds. S.J. du Toit in Weg en Werk. Paarl, 1917. p.50.

(95) Malherbe, op.cit., p.261. (voetnoot no. 3). Vgl. ook Ploeger, J. Onderwys en Onderwysbeleid in die Suid-Afrikaanse Republiek onder Ds. S.J. du Toit en Dr. N. Mansvelt. (1881-1900). (In Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis. Vyftiende Jaargang, Deel I, Parow, K.P. 1952. pp.6-12).

maar dit is ook 'n vak waardeur die sekulêre vakke beheers en deuradem moet word.⁽⁹⁶⁾

Die opvolger van ds. Du Toit, dr. N. Mansvelt, het in opdrag van die Regering die onderwyswet van 1882 hersien, en so word die godsdienkslousule in Wet No. 8 van 1892 verskerp. In dié wet word "*christelik*" vervang deur "*Protestants-christelik*" en "*godsdiensonderwys*" vervang deur "*leerstellige godsdiensonderwys*" en word verder bepaal dat 'n onderwyser by aanstelling bewys moet lewer dat hy lid van 'n "*Protestants-christelike*" kerk is.⁽⁹⁷⁾ Die godsdienkslousule in die onderwys is dus hier net skerp gestel; die geloofsbelydenis word beperk tot die protestantse en die aandeel van die kerk word ingekort.

Die belangrikste verandering wat in die tydperk tot 1902 sou plaasvind, is dat in 1898 bepaal is dat kategetiese onderrig binne die skoolure gegee kon word in die tyd wat vir Bybelonderrig bestem is. Dit is opmerklik dat in die wette wat tot dusver genoem is, nie bepaal is dat kategetiese onderwys binne die pligte van die skool val nie, maar intendeel is in die wette van die tydperke van Burgers, Du Toit en Mansvelt duidelik verwys na persone en tye buite die skool.⁽⁹⁸⁾

Pres. Kruger se invloed is hier weer duidelik waarneembaar omdat hy van die begin af 'n voorstander was van kategetiese onderwys binne die skoolure.⁽⁹⁹⁾

Om op te som:

Hoewel die godsdiensonderrig in die Zuid-Afrikaanse Republiek aanvanklik suiwer gereformeerd-konfessioneel van aard

(96) Venter, op.cit., p.48.

(97) Ploeger, J. Inleiding tot die Studie van die Christelik-Nasionale Onderwys in Suid-Afrika met besondere verwysing na die Zuid-Afrikaanse Republiek. M.Ed.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1942. p.332.

(98) Wijziging van Wet 8, 1892, goedgekeurd bij eerste Volksraadbesluit, Art. 306/98. Staatsargief, Pretoria.

(99) Malherbe, op.cit., p.261.

was, het die Onderwysreglement van 1859 reeds dié voorloper van 'n godsdienkskousule soortgelyk aan dié van die 1907-onderwyswet bevat. President Burgers het met sy liberale opvattinge die Britse onderwysbeleid van 1870 daadwerklik toegepas en nie-sektariese godsdiensonderrig ingevoer. Onder invloed van Du Toit, Mansvelt en Kruger het kategetiese godsdiensonderrig 'n kortstondige herlewing getoon wat gedurende die volgende tydperk andermaal tot nie-sektariese onderrig sou verval.

1.4.2 Die tydperk 1902-1906

Die tydperk na die Tweede Vryheidsoorlog word gekenmerk deur die gesamentlike optrede van Sir Alfred Milner as goewerneur van die pasverowerde Kroonkolonie en E.B. Sargent as direkteur van onderwys. Hulle doel was om die skole in die verowerde Republieke onder die Britse beleid vir eenvormigheid saam te snoer. Om hierdie doel te bereik, het hulle 'n uitgesproke beleid van verengelsing gevolg.

In hierdie verengelsingsbeleid sou die onderwys die belangrikste rol speel. In die beplanning van 'n ontwerp-onderwyswet het Sargent begin met die ontwikkeling van 'n kostelose nie-sektariese en nie-verpligte stelsel van laer onderwys vir blanke kinders, met staatsondersteuning aan kerkskole om die samewerking van die verskillende kerke met die staat in verband met godsdiensonderrig in die skole te verkry.⁽¹⁰⁰⁾

Die nuwe onderwyswet van Sargent is deur die Transvaalse Wetgewende Raad as Ordonnansie No. 7 van 1903 op 23 Junie 1903 goedgekeur.⁽¹⁰¹⁾ Dit was 'n belangrike stuk wetgewing in verband met godsdiensonderrig.

Art. 5(a) het bepaal dat in alle skole, behalwe nie-christelike skole, Bybelse geskiedenis twee uur per week gegee moes word. Dit kon in die Hollandse taal wees.

(100) Snyman, J.J. 'n Histories-kritiese studie van die Smuts-onderwyswet van 1907. Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., 1951. p.115.

(101) The Transvaal Education Government Gazette, Vol. II. 27th December, 1903. p.426.

Art. 5(b) verleen aan ouers die reg om leerstellige godsdiensonderrig vir hulle kinders aan te vra. Goedgekeurde leraars van die betrokke godsdiens sou die geleentheid ontvang om gedurende die bepaalde ure dié godsdiensonderrig in die skool te gee waarom die ouers aansoek gedoen het.

Art. 5(c) het bepaal dat geen leerling verplig was om Bybelgeskiedenis of enige ander godsdiensonderrig te ontvang nie, mits die ouers skriftelik om vrystelling vra.

Hier het ons dus 'n tydsbepaling van twee uur dogmatiese onderrig in die skool, en die gewetensklousule vir ouers.

Veral met die bepaling omtrent dogmatiese onderrig was die bevolking, vreemd genoeg, nie tevrede nie. 'n Versoekskrif wat veral van die N.G. Kerk uitgegaan het, is bv. in September 1903 aan die goewerneur gerig waarin o.a. gevra word dat godsdiensonderrig nie van 'n leerstellige nie, maar van 'n uitsluitlik historiese aard moes wees.⁽¹⁰²⁾ Die motiewe wat tot hierdie versoek meegewerk het, is nie duidelik nie, aangesien dit volgens die ordonnansie nie nodig was om leerstellige onderwys gedurende skoolure te gee nie. E. Greyling stel die vraag of dit moontlik kon wees dat daar gevoel was dat onregverdig gebruik gemaak was van die geleentheid om die kinders ook op leerstellige gebied te angliseer.⁽¹⁰³⁾

Soos reeds gemeld, het die Engelse owerheid die skole as medium vir sy anglisasiepolitiek gebruik. Uit die stryd wat hieruit ontketen sou word, het 'n herlewing van Christeliek-nasionale Onderwys gekom. Wat met Christeliek-nasionale Onderwys bedoel was, word duidelik gestel deur die C.N.O.-kongres wat op 20-21 Maart 1906 gehou is. Onder "*Christelike onderwys*" het die kongres verstaan onderwys ooreenkomstig die Heilige Skrif in ooreenstemming met die belydenisskrifte van die drie Hollandse kerke. Onder "*Nasionale onderwys*" het die Kongres verstaan onderwys wat, met die oog op die leiding van God in die geskiedenis van ons Volk, godsdiens, taal en tradisies van

(102) Malherbe, op.cit., p.318.

(103) Greyling, op.cit., p.93.

ons vaders in ere gehou en voortgeplant word. (104)

Die stigting van eie skole deur leiers van die C.N.O.-beweging het gedien as teenwig teen verengelsing, en hulle hoofbesware teen die Engelse staatskole was die veronregting van die Hollandse taal, die aard van die godsdiensonderrig en die uitsluiting van ouersegenskap. (105)

Die toegewing van die Sargant-ordonnansie dat leerstellige godsdiensonderrig deur leraars van bepaalde kerkgenootskappe binne skoolure aan leerlinge wat aan hulle kerk behoort het, gegee kon word, was juis omdat hy die C.N.O.-skole wou uitskakel. (106)

As gevolg van die armoede onder die Boerebevolking het C.N.O. baie gekwyn. Die beweging was teen 1906 finansieël nie meer in staat om hulle eie skole te onderhou nie en staatsubsidies is telkens geweier. Genl. J.C. Smuts (Minister van Onderwys) het gemeen om die C.N.O.-beleid in die Onderwyswet van 1907 saam te vat. (107) In die letter van die wet het dit nie geskied nie want dié wet was geskoei op die bestaande Britse onderwysstelsel, soos in die volgende hoofstuk aange-
toon sal word.

1.5 SAMEVATTING

Die suiwer konfessioneel gereformeerde onderwys van die 17e eeu word vanuit Nederland met die koms van Jan van Riebeeck (1652) na die Kaap oorgeplant en word voortgesit in die De Chavonneswet van 1714 en bly behoue tot en met die Eerste Engelse besetting.

In elk van die stamlande, Nederland en Engeland, het 'n eiesoortige onderwysontwikkeling plaasgevind, maar wat elkeen 'n invloedsfeer sou ontwikkel wat op hulle beurt weer getref sou

(104) Coetzee, J. Chris. Die Godsdiensklousule in die Transvaalse Onderwyswetgewing. (~~In~~ Koers, Augustus 1957. p.29).

(105) Snyman, op.cit., p.122-124.

(106) Ibid., p.125.

(107) Ibid., p.128.

word deur die internasionale invloed sfeer van die humanisme met sy uitbeierende golwe van filantropisme, naturalisme en rasionalisme.

Teen die einde van die 18e eeu het, deur die idees van die Franse Rewolusie, filantropie na vore getree wie se pedagogiese strewe deur die rasionalistiese idees beheers was, om die hele onderwyswêreld te deursuur. Die Calvinistiese doelstellinge van die onderwys is deur hierdie gees van naturalisme verliberaliseer. Omdat die mens as sedelike wese die middelpunt van die opvoedingsleer geword het, was die Bybel as geïnspireerde Woord van God nie meer genoegsaam nie. "*Verdraagsaamheid*" het die wagwoord geword en Calvinisme is langsaam hand vervang deur 'n "*algemene Christelike geloof*".

Hierdie filantropiese en rasionalistiese idees is veral verkondig deur verenigings in Nederland soos die "*Maatschappij tot Nut van 't Algemeen*". Die invloed van die maatskappy tree duidelik tevoorskyn in die Nederlandse Onderwyswet van 1803 waarin o.a. bepaal word dat die onderwys "*alle Maatschappelijke en Christelijke deugden*" tot vernaamste doel het.

So kom De Mist, as 'n deurdronge humanis en filantroop, soos aangetoon, in 1803 na die Kaap om deur sy "*Provisioneele Kerken-Ordre voor de Bataafse Volksplanting aan de Kaap de Goede Hoop*" die konfessioneel gereformeerde onderwys aldaar te beëindig. Hy maak die kerk ondergeskik aan die staat. Deur art. 18 van sy "*Kerken-Ordre*" word bepaal dat die openbare skole nie aan 'n besondere kerkgenootskap sou behoort nie maar in die eerste plek daargestel word as "*kweekplaatsen om goede Burgers voor een Staat te vormen*". Hiermee word skool en kerk nie alleen van mekaar geskei nie, maar is gereformeerde konfessionele onderwys vervang deur 'n godsdiensonderrig bo geloofsverdeeldheid.

De Mist se godsdiensbegrip was slegs die erkenning van 'n oneindige "*Opperwezen*" wat eerbiedig moes word, terwyl die onderwys sy bydrae moes lewer deur "*allerlei maatschappelijke deugden*" aan te leer.

Deur hierdie humanistiese idees word De Mist die eerste gesaghebber in Suid-Afrika om deur sy kerk- en onderwyswetgewing die Afrikanervolk sy Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing en positief christelike skool te ontnem. In die plek van 'n deur die staat erkende kerk en 'n gereformeerde staatskool kom daar 'n neutrale staat met 'n neutrale staatshouding teenoor alle kerkgenootskappe en 'n neutrale skool met 'n neutrale godsdiensonderwys.

In die tweede stamland, Engeland, was die onderwys in die begin van die 19e eeu reeds in die hande van godsdienstige en filantropiese inrigtings wat op privaatondernemings berus het (meesal uit die Anglikaanse Kerk) en wat in die onderwysbehoeftes voorsien het. Die invloedrykste hiervan was die Monitorskole waaruit, as gevolg van hulle snelle uitbreiding, twee onderwysliggame "*The British and Foreign Society*" en "*The National Society*" ontstaan het. Laasgenoemdes was twee opponerende verenigings wat onderskeidelik aan die behoeftes van Nonkonformiste en Anglikane moes voldoen. Die stryd tussen die twee verenigings ontstaan omdat eersgenoemde in sy bediening van 'n gemengde gemeenskap voorsiening moes maak vir nie-sektariese godsdiensonderrig, terwyl die Anglikaanse vereniging teen die sogenaamde godsdiensneutraliteit in verset gekom het.

Namate die staat egter meer seggenskap verwerf het, is ook meer voortbeweeg in die rigting van nie-sektariese godsdiensonderrig, want op die aanbevelings van die Newcastle-kommissie van 1858 volg die "*Elementary Education Act*" van 1870 met 'n dogma- en gewetensklousule, genoem die "*Cowper-Templeklousule*".

Die dogmaklousule was feitlik woordeliks (soos aange-ton) dieselfde as dié van die Smuts-onderwyswet van 1907. Daarvolgens moes godsdiensonderrig in die skool onsektaries wees, dit wil sê bo geloofsverdeeldheid, met ander woorde 'n neutrale en kleurlose godsdiensonderrig.

Die gewetensklousule het die reg aan die ouer verleen om sy kind aan alle denominasionele onderwys te onttrek.

Albei klousules was 'n negatiewe formulering, want dit het gesê wat nie gedoen mag word nie maar het niks vermeld van wat wel gedoen mag word nie. In plaas van 'n oorkoepelende betekenis ten opsigte van die vakke wat in die skool gedoseer word, te hê, het dit slegs 'n vak geword wat moes meeding om 'n plek op die skoolrooster.

Die spoor van humanisme in die onderwys is ook hier duidelik, nl. dat elke individu die reg het op gelyke onderwysgeleenthede, dat onderwys moet lei tot goeie burgerskap ten einde nasionale voorspoed te verseker.

Waar De Mist reeds die grondslag gelê het vir 'n godsdiensonderrig bo geloofsverdeeldheid aan die Kaap sou die Britse invloed gedurende die tydperk 1806-1906, met sy humanistiese agtergrond uit die stamland, dié toestand in Suid-Afrika verder verstewig.

Die Engelse goewerneurs het die invloed van die ouer op die onderwys ingekort sodat die beleid van kerklike beheer oor die skoolwese geleidelik sou oorgaan in dié van politieke despotisme met die doel om die bevolking te angliseer. Die onderwysbeleid van die veroweraar het verder ook 'n neutrale gees geadem sodat daar onder Engelse invloed geleidelik voortbeweeg is in die rigting van nie-sektariese godsdiensonderrig.

So het Herschel hom byvoorbeeld in sy memorandum van 23 Mei 1839 uitgespreek ten gunste van godsdiensonderrig gebaseer op 'n breë christelike grondslag, met slegs die daelikse lees van die Bybel in die skool, met die reg van die ouer om sy kinders bywoning daarvan te onthou. Dit was die eerste verskyning van 'n gewetensklousule in Suid-Afrika.

Hierdie beginsel van nie-sektariese godsdiensonderrig is deur die Onderwyswet van 1865, ooreenkomstig die aanbevelings van die Watermeyer-kommissie, gehandhaaf deurdat bepaal is dat die plaaslike skoolkommissies voorsiening mag maak vir leerstellige godsdiensonderrig buite die vier gewone skoolure, hoewel geen leerling sonder toestemming van die ouer verplig kon word om dit by te woon nie.

Hiermee was die versekularisering en neutralisering van die staatskool soos deur die skool- en kerkorde van De Mist in die vooruitsig gestel, voltooi. Die ou stelsel van die gereformeerde staatskool was vernietig. Vir die Afrikaner was die skool nou 'n skool sonder die Bybel.

Met die trek na die Noorde herleef die gereformeerde onderwysbeskouing van die Afrikaner vir 'n kort periode in die Boererepublieke. Die beginstadium van 'n gewetenskousule word gevind in die Grondwet van 1858 wat daarvoor voorsiening maak dat onderwyssake uit die beheer van die plaaslike kerkrade oorgaan in dié van die regering.

Die groot ommekeer in die Transvaalse onderwys kom met die onderwyswet (No. 4 van 1874) van pres. Burgers. So radikaal was hierdie onderwyswet aanvanklik dat géén godsdiensoonderrig gedurende skoolure gegee sou word nie, terwyl die swaard van verskuldigde eerbied teenoor andersdenkendes oor die hoof van die onderwyser selfs buite skoolure gehang het. Met die wysiging van art. 26 kon die Bybel gelees en godsdiensoonderrig wel gegee word, maar nog steeds met inagneming van andersdenkendes waaraan beklemtoonde prominensie verleen is.

Hierdie wet het 'n absoluut neutrale godsdiensoonderrigshouding weerspieël. Die bevolking het hiermee onder die indruk gekom dat die grondwet en die onderwyswet die christendom bestry het.

Hoewel godsdiensoonderrig onder die Du Toitwet (Wet No. 1 van 1882) in die skool teruggevoer is, was dit nie leerstellige godsdiensoonderrig nie, slegs die lees van die Bybel met Bybelgeskiedenis. In teenstelling met die Burgerswet wat 'n uiters liberale gees weerspieël het, het die Du Toitwet die klem op die christelike gees van die skool laat val.

Onder Mansvelt, die opvolger van Du Toit as Superintendent van Onderwys, is die doelstellings van die 1882-wet slegs verder verskerp deur die bepaling van 'n Protestants-christelike godsdiensoonderrig. In 1898 word kategetiese onderrig binne skoolure toegelaat waarin die duidelike invloed van pres. Paul Kruger waargeneem word.

Die verdere veranglisering van die onderwys, met sy afgewaterde godsdiensonderrig, geskied na die Tweede Vryheidsoorlog onder die Milner-Sargant-bewind (1902-1906). Sargant se onderwysordonnansie (No. 7 van 1903) het leerstellige godsdiensonderrig deur goedgekeurde leraars van die betrokke kerke toegelaat, met 'n gewetensklousule vir die ouers. Die anglisasiepolitiek van die Engelse owerheid het egter gelei tot die C.N.O.-stryd, wat hulle eie skole gestig maar weens finansiële probleme teen 1906 weggekwyn het.

Ons kan dus nou konstateer dat die klimaat vir 'n neutrale godsdiensonderrig bo geloofsverdeeldheid, soos beliggaam in die dogma- en gewetensklousule ter sprake, reeds in die twee stamlande Nederland en Engeland geskep is. Die oorsprong van hierdie neutraliteitsgedagte lê in die invloed van filantropie met hulle allesoorheersende humanistiese denkbeelde ook ten opsigte van die onderwys. Die draers van hierdie denkbeelde na S.A. was, soos aangetoon, veral De Mist en die daaropvolgende Engelse goewerneurs aan die Kaap, en nog later pres. Burgers in Transvaal.

In die volgende hoofstuk word die ontplooiing van hierdie neutraliteitsgedagte in die Onderwyswet van 1907 voortgesit.

--- oOo ---